# MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 02/2023
2 Februarie 2023

☎ 012 661 2341 🖷 012 661 2340
college@midstreamcollege.co.za

## SKOOLSAKE

### UIT DIE HOOF SE KANTOOR

> Life is full of beauty. Notice it. Notice the bumble bee, the small child, and the smiling faces. Smell the rain, and feel the wind. Live your life to the fullest potential, and fight for your dreams.
>
> Ashley Smith

Na die versengende hitte van Januarie het die koeler weer broodnodige verligting gebring en word daar waarskynlik meer aandag in die Wiskundeklasse gegee. Bogenoemde verwysing na glimlaggende gesigte het my onwillekeurig aan ons nuwe graad 8's tydens hul groentjiekonsert en inhuldigingseremonie laat dink. Ons het voorwaar 'n positiewe groep! Doen so voort en reik na die sterre – Carpe Diem.

Vanaand word ons akademiese presteerders tydens ons jaarlikse akademiese prysuitdeling vereer. Geluk, julle strewe na intellektuele prestasie en Excellentia werp beslis vrugte af. Ons sportprogram is reeds voluit aan die gang en ek hoop om volgende Vrydag 10 Februarie, met die atletiek, so veel as moontlik van julle by die jaarlikse tuisbyeenkoms te sien. Baie sterkte aan al ons swemmers in die aanloop tot hul interhoër op Maandag 13 Februarie.

> Communication is a skill that you can learn. It's like riding a bicycle or typing. If you're willing to work at it, you can rapidly improve the quality of every part of your life.
>
> Brian Tracy

Een van ons doelwitte by die College is juis om die leerders se kommunikasievaardighede te verbeter. Hierdie is ongetwyfeld die sleutel tot sukses in 'n lewe besaai met uitdagings. Vir sommige is goeie kommunikasie so maklik soos tik of fietsry ('n vereiste vir Odyssey), vir ander is dit egter nie so maklik nie. Midstream College glo in 'n oopdeurbeleid. Kontak dus gerus die betrokke onderwysers of afrigters indien u enige navrae het. 'n Opregte woord van dank aan die ouers wat wel met ons kommunikeer. Ek het al by verskeie geleenthede genoem dat ons slegs probleme waarvan ons bewus is, kan aanspreek.

Ek wil vervolgens elke graad 8-ouer na die eerste Koffie-met-Carel-geleentheid uitnooi. Gedurende hierdie informele kuier in die College Hub kry ons die geleentheid om mekaar beter te leer ken en oor die dinamiese College-omgewing te gesels. Hierdie kuier is vir Donderdag 9 Februarie om 07:30 geskeduleer. Laat weet asseblief vir Debbi by

(dwestwood@midstreamcollege.co.za) indien u belangstel om dit by te woon. Graad 9- tot 12-ouers sal weer op Donderdag 16 Februarie die geleentheid hê om dit by te woon.

## GRAAD 12-INLIGTINGSAAND

Graad 12-ouers en leerders word genooi om die inligtingsaand op Donderdag 16 Februarie in die saal by te woon. Belangrike graad 12-sake soos akademie, universiteitsaansoeke en die matriekafskeid, sal bespreek word. Ons hoop om u almal daar te sien.

## OUERGEBEDSGROEP

Die ouergebedsgroepie nooi alle belangstellende ouers uit om aan te sluit. Stuur gerus 'n e-pos aan me Carolien Verster (cverster@midstreamcollege.co.za). U inligting sal aan die groepkoördineerder gestuur word.

# AKADEMIE

## HANDBOEKE

Ouers wat nog nie hulle kinders se e-boeke of hardekopieboeke bestel het nie, word versoek om dit onverwyld te doen. Die handboeklyste is op die skool se webwerf beskikbaar.

## GRAAD 12-IEB 2023: FINALE EKSAMEN

Matriekouers word daaraan herinner dat die IEB-fooi vir die Nasionale Seniorsertifikaat-eksamen R8 080 per kandidaat beloop. Addisionele vakke word teen R1 399 per vak gehef, Further Studies Mathematics (Standaard – slegs Vraestel 1) teen R791 en Further Studies Mathematics (Uitgebreid – Vraestel 1 & 2) teen R1 160. U rekening sal dienooreenkomstig gedebiteer word.

# KULTUUR

## INTERNE REDENAARS: ONVOORBEREID

Geluk aan die volgende leerders:

| | ENGLISH – UNPREPARED | AFRIKAANS – ONVOORBEREID |
|---|---|---|
| **Plek** | **Graad 8** | **Graad 8** |
| 1ste | Lisa Rautenbach | Lisa Rautenbach |
| 2de | MH Sahib | Milan Pöhl |
| 3de | Tsiko Ravhuhali | Ivan Kymdell |
| | **Graad 9** | **Graad 9** |
| 1ste | Lené Liebenberg | Lené Liebenberg |
| 2de | Lin-Mari Rudolph | Kaylin Knoetze |
| 3de | Kashvi Chathury | Lin-Mari Rudolph |
| | **Graad 10** | **Graad 10** |
| 1ste | Dayuri Moopanar | Lente Groenewald |
| 2de | Renate Maré | Tiana Swart |
| 3de | Onalerona Rabotho en Shayur Vather | Kendra van Wyk |

| | ENGLISH – UNPREPARED | AFRIKAANS – ONVOORBEREID |
|---|---|---|
| | **Graad 11** | **Graad 11** |
| 1ste | Sedibana Ngoasheng | Cara-Renette Ponting |
| 2de | Hugo Kotzee en Karla Alberts | Karla Alberts |
| 3de | Nisha Gwindiri | Zané Boonzaaier |
| | **Graad 12** | **Graad 12** |
| 1ste | Benita Mwambenu | Leané Claasen |
| 2de | Angelo Haya | Ingrid Barnard |
| 3de | Zoë Joubert | Anushke Niemand |

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE: KULTUUR

### ROYAL SCHOOL OF MUSIC

Baie geluk aan Anika Malan wat haar graad 6-viooleksamen met onderskeiding en haar graad 7- klaviereksamen met meriete geslaag het.

# SPORT

## ALGEMEEN

Die somersportseisoen is in volle swang en ons is opgewonde oor die atletiek- en swemvooruitsigte. Die krieket gaan intussen voort en ander sportsoorte soos tennis, ruitersport en muurbal skud reeds hulle vere reg vir die jaar. Die wintersportsoorte het met hul voorseisoenprogramme begin en skop reeds vroeg in Maart, na afloop van onderskeidelik die swem- en atletiekinterhoër, af:

| FEBRUARIE | | |
|---|---|---|
| 9/02 – 11/02 | Tennis: Boland Landbou o. 15-seuns | Boland |
| Vrydag 10/02 | Atletiek: Tuisbyeenkoms | Midstream College |
| Saterdag 11/02 | Krieket: Finsburyreeks vs Hans Moore | o. 15A (tuis)<br>1ste (weg) |
| Maandag 13/02 | Swem: Interhoër | Hillcrest |
| Saterdag 18/02 | Krieket: Finsburyreeks vs Potch Gimnasium | o. 14A (tuis)<br>o. 15A (weg)<br>1ste (tuis) |
| Vrydag 24/02 | Atletiek: Interhoër | Pilditch |
| Maandag 27/02 | Wintersportproewe | Midstream College |
| **MAART** | | |
| 3/03 – 6/03 | Menlo Mixit Mixed Doubles-tennistoernooi | Sun City |
| Vrydag 10/03<br>Saterdag 11/03 | Wintersport vs Northcliff (weg) | Vrydag: Netbal en seunshokkie<br>Saterdag: Dogtershokkie en rugby |
| Dinsdag 14/03<br>Woensdag 15/03 | Wintersport vs Cornwall Hill (tuis) | Dinsdag: Netbal en seunshokkie<br>Woensdag: Dogtershokkie en rugby |

## KRIEKET

Onlangse uitslae is soos volg:

| Opponent & uitslag | Kommentaar |
|---|---|
| **1ste** | |
| Midstream 184/6 Old Boys 224/9<br>Verloor met 40 lopies | Jean Holtzhausen 3/21<br>Iwan van Eeden 50 n.u.n. |
| Midstream 212/8 Monument 218/3<br>Verloor met 7 paaltjies | Christiaan Maré 50 n.u.n. |
| Midstream 139 Montana 264<br>Verloor met 125 lopies | Jeanré Lourens 43 |
| **2de** | |
| Midstream 150/6 Monument 159<br>Verloor met 10 lopies | Conré van den Berg 39 & 3/28 in 4 beurte<br>Grant Muller 3/18 in 4 beurte |
| **o. 15A** | |
| Midstream 146/6 Monument 145<br>Wen met 4 paaltjies | Rikus Cilliers 3/21 in 7 beurte<br>Gerhard van der Westhuizen 2/7 in 2 beurte<br>Christian Olwagen 2/32 in 7 beurte<br>Ryan Strauss 63 n.u.n.<br>Jonathan Wiseman 21 n.u.n. |
| Midstream 227/9 Montana 177<br>Wen met 50 lopies | Rikus Cilliers 57 & 4/30 in 10 beurte<br>Gerhard van der Westhuizen 53<br>Jonathan Wiseman 4/39 in 8 beurte |

## ATLETIEK

Die eerste byeenkoms teen ander skole (Noordheuwel, Lichtenburg en Rustenburg) het op Hoërskool Noordheuwel se tartanbaan plaasgevind. Die Midstream-atlete het goed gevaar en verskeie persoonlike beste tye en afstande is verbeter.

Individuele prestasies (ASA-tabel bo 800):

| Atleet | Afdeling | Item | ASA-punt |
|---|---|---|---|
| Rupert Groenewald | Seuns 14 | 3000 m | 884 |
| Juan Breytenbach | Seuns 17 | 3000 m | 854 |
| Amy Nel | Meisies 14 | Gewigstoot | 852 |
| Hilton Thomas | Seuns 19 | 400 m | 850 |
| Ashley Williams | Meisies 19 | 200 m<br>100 m<br>400 m | 839<br>825<br>817 |
| Anika le Roux | Meisies 17 | 100 m-hekkies<br>400 m-hekkies<br>200 m | 815<br>815<br>809 |
| Zabine von Westernhagen | Meisies 17 | 3000 m | 814 |
| Lente Groenewald | Meisies 16 | 800 m | 809 |
| Danielle Rossouw | Meisies 17 | 800 m | 804 |

## MUURBAL

Baie geluk aan ons 27 muurbalspelers wat die afgelope naweek aan NJSA se provinsiale toernooi deelgeneem het. Die volgende spelers het die beste in die onderskeie afdelings presteer:

### GAUTENG-NOORD-TOERNOOI

| Ouderdomsgroep | Speler | Plek |
|---|---|---|
| Meisies o. 14A | Anushka Janse van Rensburg | 1ste (Poel 1) |
| Meisies o. 14A | Sarah de Villiers | 1ste (Poel 2) |
| Seuns o. 14A | Martin de Koning | 3de |
| Seuns o. 14B | Hayden Davy | 1ste |
| Meisies o. 16A | Elzandri Janse van Rensburg | 1ste |
| Seuns o. 16A | CA Froneman | 2de (Poel 2) |
| Seuns o. 16B | Euan Groenewald | 1ste |
| Seuns o. 16C | Reabetswe Banda | 2de |
| Meisies o. 19A | Kiara Poole | 2de |
| Seuns o. 19B | Louis van Wyngaard | 2de |

## TENNIS

Geluk aan ons tennisspelers wat onlangs aan die Gauteng-Noord Hoërskole-kampioenskap deelgeneem het. Die volgende twee spelers het die beste in hul onderskeie afdelings gevaar:

| Ouderdom | Speler | Plek |
|---|---|---|
| Meisies o. 15 | Elmay Breet | 9de |
| Seuns o. 15 | Pierre de la Port | 12de |

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE: SPORT

### BINNENSHUISE NETBAL

Geluk aan Carli Stander (graad 9) wat in Desember 2022 vir die Gauteng-Noord o. 15-span gekies is en in Maart aan die interprovinsiale toernooi gaan deelneem.

### FIETSRY

Pieter van Eeden (graad 11) het junior Gauteng-Noord-distrikskleure behaal. Baie geluk.

### VLIEGHENGEL

Ons is trots op Marc van Rooyen (graad 9) wat uitgenooi is om aan die Suid-Afrikaanse kampioenskap deel te neem.

KOM ONS KOMMUNIKEER:

Vir alle omsendbriewe, sowel as ander inligting, kan u ons besoek of kontak by:

- www.midstreamcollege.co.za
- Facebook (soek Midstream College)
- Instagram (midstream_college)

VOLGENDE OMSENDBRIEF

Donderdag 16 Februarie 2023